

Hoofstuk van die dag: Sefanja 1

> *Daardie tyd sal Ek Jerusalem met lampe deursoek en die mense straf wat in hulle selftevredenheid dink: die Here doen nie goed óf kwaad nie. (vers 12)*

’n Lidmaat het eenkeer vir my gesê sy wil nie in die erediens

hoor sy is ’n sondaar nie. Sy wil hoor sy is oulik. Ek het ’n idee dat meer mense so dink. Die Jode het ook so geredeneer. Hulle het hulle skouers opgetrek oor die sonde in hulle midde en in hulle eie lewe. Dis asof hulle wou sê: Waaroor al die bohaai?
Maar God se oordeel is ’n werklikheid, en dit sal nie net die heidene tref nie. God gaan sy hand uitsteek teen Juda en Jerusalem ook, waarsku die profeet (vers 4). Net so het Petrus ook gewaarsku dat God se oordeel by die huisgesin van God sal begin (1 Pet 4:17).
Dis ’n boodskap wat ons vandag baie ernstig moet opneem, al is dit ’n baie ongewilde boodskap. Lidmate wil nie van oordeel hoor nie, en verwag dat predikante net moet preek oor God se liefde en genade, en dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien as ons na Hom toe kom. Maar só verloor ons ’n wesenlike deel van God se boodskap.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026